Joernalistiek
# Janus

Nommer 6 NUUSBRIEF Desember 2006



Alumni ontvang toekennings vir voortreflikheid **2**

The research of MPhil-graduate, Leonie Joubert, culminated in *Scorched - South Africa's changing climate* **3**

Waldimar Pelser writes about his DRC-experience **4-5**

**Motorjoernaliste**
Wilmer Müller (2000)
Hannes Oosthuizen (1999)
Piet van Niekerk (1987) **6-8**

**Women in Wine**
Beverly Farmer (1996)
Hymli Krige (1990) **10**

## Departement 30

Die 30-jarige bestaan van die departement word in 2008 gevier. 'n Media in Afrika (MiA)-konferensie word beplan. Kundiges uit Afrika en alumni sal genooi word. By hierdie geleentheid wil ons graag 'n Crozier Alumnibeurs bekendstel. Meer inligting in die volgende *Janus*.

## Staff News

Herman Wasserman has been appointed as professor at the University of Newcastle from June 2007. He will leave the department in mid-May.

Jacolette Kloppers (2001) has been appointed as the new Rykie van Reenen-associate for 2007.




School of Journalism, University of Indiana, Bloomington, USA.

# For voracious (academic) appetites

*Associate Professor Herman Wasserman, currently a Fulbright scholar at the University of Indiana, writes about his experiences. His wife Helena, also an Alumnus, and their son, Lukas, are also enjoying the experience.*

The Americans are notorious for the junk food they have globalised to the ends of the earth. The extravagance of what passes as 'food' only really strike you when you live here for an extended period, and are constantly bombarded with advertisements. *The Daily Show*'s Jon Stewart – who, in all seriousness, is considered one of the trusted anchormen in the US, as the viewership for news television is declining and ageing at an alarming rate – made fun of this in a recent sketch.

But for those with more substantial appetites, there is perhaps even more on offer than the variety of doughnuts for breakfast. Here at the University of Indiana in Bloomington, where I am spending my research leave, thanks to the generous assistance of the Fulbright Commission and the National Research Foundation, I have a hard time deciding which talk to go to, which book to read first, which online-article to download. I am a guest of the School of Journalism and the Program for African Studies. The latter programme hosts several guest speakers every week (for instance, Austin Okigbo of IU's Folklore/Ethnomusicology Department talks about "Music of the Struggles: Resisting Apartheid, Combating HIV/AIDS in South African Choral Music"), and the School of Journalism also has no shortage of interesting research presentations, exchange visitors and talks. The School describes itself as "a relatively small and respected unit" – they ('only') have 20 full-time faculty members and a growing enrollment of about 600 undergraduates and 75 graduate students…. University students produce a *daily* broadsheet newspaper, and the campus also has its own television station, run by students from the Department of Telecommunications.

With over twenty libraries on campus (it is among the fifteen largest research libraries in the US, with over 15 million items even including a whole section with Afrikaans literature!), there is no chance that even the most voracious craving for reading will ever go unsatisfied. This also goes for the media that saturates the whole of society. Aided by technology (the whole campus has wireless internet reception), the range of media – how wonderful to be able to pick up the *New Yorker* every week, how bewildering to choose between the range of radio or television stations, podcasts, newspapers – is a gobsmacking delight. And all this in a small, quaint town in the Midwest, surrounded by hills, browning trees and a couple of lakes.

I am also doing some travelling while I am here. Apart from several lectures in different departments at IU, I was also invited to teach a class and a doctoral seminar at the University of Illinois at Urbana-Champaign, where I spent valuable time workshopping ideas with the doyen of media ethics, Clifford Christians; I will also be teaching and presenting seminars at the University of Colorado in Boulder, the University of Washington (Bothell) in Seattle and attending conferences in San Francisco and Plattsburgh.

I am afraid this is starting to sound like a tourism brochure. But how nice, indeed, to be able to travel not only to new cities, but also discover new landscapes of the mind.

# NUUS UIT CROZIER 26



Dear alumni

Hierdie tyd van die jaar is dit oustryk paniek in Crozierstraat, met sonbesies in Victoriastraat se platane wat protesteer teen Stellenbosch se somerhitte, en besies van 'n ander aard wat saans uitkruip en hul eie soort lawaai maak. (Kampusbeheer – of deesdae se meer politiek-korrekte Beskermingsdienste – sê ons moet sien hoe lyk die plek snags vieruur.)

Or, put differently, it's the time when Crozier Street becomes Crazier Street: November, when all kinds of portfolios and in-depth projects need to be completed. After which another intriguing moment awaits the students: their internships.

Vir diegene van julle wat met vanjaar se beginners gedurende hul internskappe gaan werk: *have a heart*. Onthou hoe julle gevoel het jarre gelede toe julle die nuusredakteur se kantoor vir die eerste keer betree het.

And for some of us, that moment was almost thirty years ago – if you care to remember so long ago.

Wat my by my eintlike (en enigste) punt bring: ons departement vier in 2008 haar 30e bestaansjaar. En ons sal dit op prys stel as alumni nou reeds kan voorstel hoe die geleentheid gevier moet word.

In 2003, with the 25th anniversary, we hosted our first international Media in Africa conference. Of course, we would like to do a second MiA in 2008 – but would like to hear ideas for great speakers and great topics – and of course, ideas for one great party.

So, please, hit the e-mail with your fantastic ideas … including sponsors who wouldn't know how to spell *NO*, Of course.

# Voortreflik²

*Deur Leona Amoraal*

Die departement het nog altyd joernaliste van gehalte gelewer wat geïnspireer is deur puik dosente en vooraanstaande departementshoofde. Om in een jaar twee toekennings te ontvang vir voortreflikheid, is beslis 'n uitsonderlike prestasie.

Lizette Rabe ontvang die rektor se toekenning vir voortreflike onderrig en Herman Wasserman vir voortreflike navorsing. Dit onderstreep die departement as 'n sentrum vir uitnemendheid en plaas dit weer eens in die voorste linie in onderrig en navorsing. Ons is trots op hierdie twee alumni.

Die toekennings hou nie op by hierdie twee alumni nie. Ons is ook trots op die volgende prestasies:

- Stefaans Brümmer (Mail & Guardian) with two other M&G journalists, as overall winners of the 2006 Vodacom Journalist of the Year in the Print New category for their "Oilgate" exposé.
- Melanie Gosling (Cape Times) was also a national winner for her transport crisis series.
- John Bailey (SABC2 Fokus) was a regional winner for his story on the SALT telescope.

## *Weg* editor walks away with inaugural Pica award



*Weg* editor Bun Booyens won the inaugural Jane Raphaely Editor of the Year award at the Sappi Pica Awards for publishing excellence in Sandton on Thursday evening.

"Until now, magazine editors have been the unsung heroines and heroes of an amazing media sector, one that has approximately quadrupled its readership and doubled its offering in the last 11 years," Raphaely told *The Media* magazine. "Editors deserve to be acknowledged for their contribution to the South African entertainment industry, the economy and the cultural matrix, which is why we support the Magazine Publishers' Association of South Africa (MPASA) new Editor of the Year Award at this year's MPASA Sappi Pica Awards." Booyens was one of six editors nominated for the award including *Finweek*'s Rikus Delport, *Huisgenoot*'s Esmaré Weideman, Sumien Brink of *Visi*, *Woman & Home* editor Frith Thomas and Michelle van Breda of *Sarie*.

Esmaré and Michelle are both alumni.

*www.africanpilot.co.za*



Jean-Marie de Waal (2003-klas) is pas in die John Deere-wedstryd vir **Landboujoernalis van die Jaar** as algehele wenner aangewys. Die wedstryd is die grootste vir landboujoernaliste in die land. Sy is 'n joernalis in *Landbouweekblad* se hoofkantoor in Kaapstad en het menige senior joernaliste in die bedryf uitgestof. Die prys is R25 000 vir 'n buitelandse studiereis. Inskrywings word streng volgens vooropgestelde kriteria deur 'n paneel van onafhanklike professionele beoordelaars beoordeel. Dit is vanjaar die 30ste jaar wat die kompetisie aangebied is. Van links, Mel McGlinchey, besturende direkteur van John Deere, Jean-Marie en Leon Pretorius, ook van John Deere.

**Foto: NICO VAN BURICK**

# Climate change "travelogue" hits bookstores

"A vivid journey through southern Africa's mesmerising landscapes as climate change sets in," is how Leonie Joubert, a recent alumnus of Stellenbosch University's Journalism Department, describes her book *Scorched: South Africa's changing climate.*

"Global climate change is the biggest environmental story of the century.


*Scorched* looks at the stories behind all the global politicking of super powers and petrostates as this issue builds. It's a natural history of climate change with an intimately local angle," she says.

Scorched evolved "naturally" while Joubert was reading for an MPhil (Journ) degree which she began in 2003 as part of a groundbreaking collaboration between the Journalism Department and the Capacity Building Programme for Climate Change Research (CBP-CCR). The CBP-CCR is a US Aid-funded programme operating out of the Botany and Zoology Department.

"It's a natural history of climate change with an intimately local angle"



Leonie Joubert, who completed her MPhil specialising in Science and Technology Journalism, exploring her favourite topic: Climate change.




"The CBP-CCR offered a bursary to an MPhil student which, in addition to funding the cost of the degree, offered the student the opportunity to learn more about climate change," Joubert explains.

Since Joubert works as a freelance science writer, the issues she researched as part of her degree began to spill over into her freelance writing.

"Once I started researching the topic of climate change and its impact on South Africa's natural environment, I discovered a huge body of scientific work that was just waiting to be turned into a popular form."

This emerged as a collection of essays which look at different plants, animals and environments in the country and, using scientific modelling, projects how these will be changed by globalised atmospheric pollution.

The author ventures through the drought-wracked Western Cape to contemplate how this rare botanical splendour will look 50 years from now as climate change gears up. She ponders the fate of a rain frog in the KwaZulu Natal Midlands that was named after the hobbit Bilbo Baggins and wonders if the ubiquitous savannah of African folklore will shift its shape into something entirely new. *Scorched* follows the wading birds of Langebaan Lagoon to their breeding grounds in the Artic tundra and visits a weather station in the remote sub-Antarctic to document the changes happening even there.

*Scorched*, South Africa's changing climate, is published by Wits University Press.



**Early in the morning a fisherman (pêcheur) tests the water in the middle of the River Congo near Mbandaka, a town just north of the equator in the DRC.**
Photo: Waldimar Pelser / BEELD

# HIGHWAY for a **roadless country**

Waldimar Pelser (class of 2000), senior reporter at *Beeld* in Johannesburg, recently returned from a trip to the Democratic Republic of the Congo (DRC) to report on preparations for that country's historic elections on 30 July. This piece on the River Congo is an edited version of an article first published in *City Press*.

Not long after dawn, a cunning company of traders wheels its way towards Kinshasa's Beach-Ngobila port for the Saturday shift. They are crippled by polio, and keen to make a profit. On converted tricycles, propelled by hand, these men and women carry bright yellow packets of glucose biscuits, rice or maize, before slipping through the waiting crowd to where the day's work awaits.

Behind the gates of the port, where permission to enter may hinge on the payment of a small "facilitation fee" (bribe) of 200 Congolese francs (almost R3.50), lies the mighty and only highway of a vast country.

Known sometimes as "the river that swallows all rivers", the River Congo is to these traders first marketplace and only then frontier. Beyond it lies Brazzaville, capital of neighbouring Republic of the Congo, its trademark tapered high-rise tower marking the horizon.

Until recently, port authorities in the Democratic Republic of the Congo (DRC) levied a reduced tax on the goods carried by handicapped traders from its capital Kinshasa to Brazzaville, a ferry ride of 4,5 km that lasts about half an hour and costs 5400 francs each way (R84). In a country where the World Bank says average monthly take-home pay is R70, this is no cheap trip. Soon the crippled conduits became the darlings of able-bodied merchants with a nose for a bargain.

"We gave them a flat rate," says Raphael Yango, a customs official for the state ports company, Onatra. "Then we came to understand the goods they carry are not for them, but for somebody else. Mostly it belongs to a trader who wants to avoid paying tax," Yango claims. "We're fighting this practice. It's a loss for the country."

Off the desk in Yango's dark office hangs an old Congolese flag, introduced by the assassinated former president, Laurent-Désiré Kabila, and replaced this February after a referendum on constitutional reform by his son and successor, Joseph (35).

Its navy canvass and yellow stars closely resemble the first flag of the Congo Free State, private fief of King Leopold II of Belgium, who, in the late 1800s, used this very river to supply European ports with Congolese rubber and ivory, shipping little more than guns back in return.

In his 1998 history *King Leopold's Ghost*, Adam Hochschild detailed how slave labour kept Leopold's colony alive, contributing to the estimated ten million deaths here between 1880 and 1920.

The cargo that fed his enterprise was transported almost exclusively along this river, which Francophone locals insist is not merely a rivière (there are hundreds of these) but a fleuve - a beast of 4300 km that drains an area the size of India and has the second largest flow of any river in the world.



**Three women and two babies travel on the River Congo near Mbandaka, just north of the equator in the DRC, in a pirogue (dugout), a traditional canoe, tens of thousands of which are used to transport people and goods on Africa's second longest river.**
Photo: Waldimar Pelser / BEELD

Outside Onatra's headquarters where Yango calculates the taxes cripples and others would pay that day, porters carry bags of farine (flour) on their sweaty backs in the harsh tropical sun, 135 kg each time. It is 08:00, and the first ferry of the day prepares to cross.

The rusty bateau heaves under the weight of maize, petrol, piles of plastic conference chairs and bags of groceries.

A handful of barges head upstream from Kinshasa every week to Bolobo, Mbandaka, Lisala, Bumba or Kisangani. But the ferries here at Port Beach-Ngobila merely cross to the other side, forging a vital chord between two struggling countries. Even some basic foodstuffs are currently imported from Kinshasa because of a "problem" on the road between Brazzaville and Pointe Noire Yango explains.

In the late afternoon, "Bateau ATC" arrives in Kinshasa. Bound together side by side, its three ferries carry a thousand people, estimates an immigration officer who introduces himself as Monsieur Nestor. On the quayside where naked men washed themselves with soap in the morning, the crowd disembarks in the late afternoon, bringing suitcases, motorcars, and food. Not far away, a silver grey BMW 525i pulls up inside the port grounds. The licence plate shows it was sold in Leuven, the northern Belgian university town. A Congolese man with a striped, designer shirt, cream trousers and pointed leather shoes disembarks, and heads for the riverbank with a wheeled suitcase in tow.

At a kiosk labelled "VIP" he pays 9750 francs ($22), then boards a waiting rapide (speed boat) which would whisk him luxuriously accross the water in less than five minutes. River Congo, Business Class.

From Kinshasa 650 km upstream lies the town of Mbandaka, a dusty settlement of 800 000 people where the passing of proper passenger boats is as irregular as the electricity supply. Ms. Bijoux ("jewelry") Boyoko, a community liaison officer for a Swedish-funded charity that removes landmines in the area, recalls better days. "There was a big change in Mbandaka," she says, standing on the bank of the Congo at Ekunde, not far from where the town's southern tip touches the Equator. Here, that which looks like the opposite bank 2km away, is really an island, 5 km across, in a river almost 10 km wide.

"Before, Mbandaka was good. There was transport, and proper roads. Now there is no electricity." In earlier times, locals could reach Kinshasa in three days on a regular boat service, Boyoko remembers.

The "change" came shortly before the death in 1997 of a man born upstream at Lisala in October 1930 and who had received his childhood education under white priests in Mbandaka when it was still known as Coquilhatville. He was Joseph Désiré Mobutu, who changed his own name to Mobutu Sese Seko, and the name of his country, its currency and this river to "Zaire". The elder Kabila changed it back to "Congo" again.

"Before Mobuto's death we had big boats. Now there are only private boats," says Boyoko.

If one needs to cross to the far bank in Mbandaka, there is neither bateau nor rapide, Kinshasa-style. Instead, thousands of dugouts called pirogues litter the bank of the River Congo, which spans two hemispheres, always lies somewhere in the rainy season, and therefore never runs dry. In a town of sputtering generators, a province with 50km of passable road, and a country in perennial political flux, the steady flow of the river is a rare constant.



In hierdie tweede aflewering van Crozierstraat se ses motorjoernaliste, skryf Wilmer Muller, Hannes Oosthuizen en Piet van Niekerk oor hul wedervaringe.

# 'Launches', steelfoto's en 'scoops'

Dis 'n warm Vrydagmiddag in Kaapstad en ek en fotograaf William McIntosh is besig om 'n geheime sending oop te vlek. Ek het ook 'n kamera byderhand, want hierdie is 'n *scoop* soos min, wat nie net plaaslik die aandag sal trek nie, maar ook internasionaal.

Vooraf besluit ek en William dat ons afsonderlik op die toneel moet verskyn, want as ons saamgesien word, kan die sekerheidswagte dalk net vinniger snuf in die neus kry. By die toneel maak ek asof ek 'n gewone omstander is, terwyl William in 'n ander rigting koers kies.

Ek probeer onopsigtelik foto's neem, maar dan skielik gewaar 'n sekerheidswag my en storm op my af. Hy skree dat ek moet ophou om foto's neem, maar ek begin net stadig wegstap.

Skielik gryp hy my aan die arm en dring daarop aan dat ek my kamera moet oorhandig. Natuurlik weier ek en ruk myself los. Tog wil die sekerheidswag dit nie net daar laat nie en probeer steeds my kamera afneem.

Al wat ek kan doen, is om te hardloop, maar die sekerheidswag tackle my in die middel van die pad en ek maak hard met die teerblad kennis. Met die opkyk sien ek hoe William foto's van ons neem. Die storie het pas nóg meer waardevol geword.

Glo dit of nie, ek en William was nie besig om 'n groot politieke skandaal oop te vlek of 'n *celebrity* te jag nie, maar om foto's van 'n geheime nuwe BMW te neem. En dit was nie die eerste of laaste keer wat ons steelfoto's van toekomstige modelle gekry het nie. William se foto's van my wat deur die sekerheidswag van 'n advertensiemaatskappy platgeduik word, was minute later op die tuisblad van News24 terwyl dit ook die volgende dag in die *Die Burger* en *Beeld* gebruik is.

Motorjoernalistiek word dikwels afgemaak as 'n "lekker job" omdat jy elke ander week met 'n ander motor kan rondjakker of gereeld deur vervaardigers op die hande gedra word en die een trip (plaaslik en oorsee) ná die ander kry. Ander joernaliste is ook geneig om motorjoernaliste as "oneties" af te maak.

Wel, soos enige ander beroep is motorjoernalistiek wat jy daarvan maak. Ja, jy kan 'n baie gemaklike lewe lei en 'n kandidaat vir 'n hartaanval voor 40 word, want as jy jouself nie keer nie, kan jy net terugsit terwyl die vervaardigers jou pamperlang of jy ooreet jouself op al die *launches* - dit hoef nie so te wees nie.

In my tyd by Wheels24, Suid-Afrika se grootste aanlyn-motorpublikasie met ongeveer 250 000 besoekers per maand, het ek geleer dat motorjoernalistiek nie 'n stiefkind in die joernalistiek hoef te wees nie. Jy kan etiese beginsels toepas en nog steeds dieselfde adrenalien voel as om 'n harde nuusstorie oop te vlek.

*Wilmer Müller (klas van 2000) is die redakteur van Wheels24.co.za*

"

...nie besig om 'n groot politieke skandaal oop te vlek of 'n *celebrity* te jag nie, maar om foto's van 'n geheime nuwe BMW te neem.

"



# Wêreldreisiger

## met motors

As jong seuntjie was een van die hoogtepunte in die Oosthuizen-huis die jaarlikse "publikasie" van my "Motors" tydskriffie. Gewoonlik het ek foto's uit CAR geknip en my eie storietjies geskryf en alles in 'n A5-boekie geplak. So, aangesien ek nou by CAR as assistent-redakteur werk, kan ek met reg sê ek leef steeds 'n droom. Of dalk het ek nog nooit "grootgeword" nie!

Ek het in 2001 by CAR begin en het sedertdien nie net motors bestuur waarvan die meeste mense net kan droom nie, maar ook die wêreld gesien. Deel van my werk is om die hele wêreld vol te reis om nuwe motors te bestuur. Daarom kan ek sê ek het al deurnag-partytjies in Tokyo gehad, in 'n Harley-sidecar teen sonsondergang na 'n Melbourne-restaurant gery, deur Duitse woude in Lamborghinis gejaag en my F1-hero, die Franse F1-jaer, Jean Alesi, ontmoet. Dis alles voorregte wat die gemiddelde mens nooit sal kry nie.

Maar om 'n motorjoernalis te wees, is nie altyd net partytjies en wheelspin nie – om 'n agt-bladsy tegniese/historiese artikel oor 'n fabrikaat in 'n dag te skryf verg nogals deursettingsvermoë. 'n Goeie twee weke of so van elke maand is jy geketting aan jou lessenaar, besig om artikels te skryf en te redigeer. En met meer as 1000 verskillende modelle op die mark, moet jy jou storie ken. 'n Fout word nie gou vergewe en vergeet nie.

By CAR, wat al amper vyftig jaar die gesaghebbendste motortydskrif in die land is, is die druk veelvoudig – nie net vanaf Ramsay, Son & Parker (CAR se uitgewers) nie, maar ook van ons lesers wat akkuraatheid verwag en ook van die vervaardigers, want wat ons van 'n nuwe model sê, het 'n groot impak op hoe die motor gaan verkoop. Daar is nie tweede kanse nie, want as 'n opinie eers gepubliseer is, kan dit nie verander word nie.

Maar op 'n manier is ek ook beskerm hier by CAR. Die tydskrif het 'n baie sterk beleid dat die advertensie- en redaksionele-afdelings apart funksioneer, sodat die redaksie nooit iets hoef te "verkoop" nie. Daarom kom ek, en CAR se ander redaksionele lede, veel minder in die versoeking as ander motorjoernaliste van kleiner publikasies, wat soms maar inhoud moet verkoop om hul publikasie se voortbestaan te verseker.

In Suid-Afrika sou ek sê is die professionele gedrag van motorjoernaliste maar oor die algemeen redelik gemiddeld. En dis een van die groot jammertes dat daar so 'n stigma aan die beroep is – mense dink alle motorjoernaliste is *free loaders* omdat sommige van die joernaliste wel is.

Dit gesê, dit bly 'n fantastiese beroep indien geld nie die belangrikste element vir jou is nie. Motorjoernaliste word nie uitsonderlik goed betaal nie, alhoewel sommige vryskutskrywers heel gemaklike bestane voer. Ek is gelukkig, my passie is ook my werk. En ek sou sê enigiemand wat 'n motorjoernalis wil wees, moet 'n ongelooflike passie vir motors hê, vir alle motors. want as jy net oor Ferraris kan opgewonde raak, gaan jy gou verveeld word.

*Hannes Oosthuizen*
*(Klas van 1999)*



# ’n Man van uiterstes

*’n Getekende rooi pet van Ian Scheckter in 1975 het Piet van Niekerk se liefde vir motorsport verseël*

Daar is net twee soorte mense. Die wat van motorsport hou en die wat dit haat. Vir sommige lyk dit na ’n blitsige begrafnisstoet, en vir andere laat dit die hart vinnig klop, bring trane in die oë en bied ure se debat en lees oor nuwe verwikkelinge. Ek het vriende wat eerder sal kyk hoe gras groei as om twee minute na die kwalifiserende rondtes van Formule Een se Grote Prys te kyk. Ware motorsport-entoesiaste kritiseer nie hierdie tipe mense nie, ons kry hulle jammer. Byna soos mense wat nie afval eet nie. Dit los meer vir ons!

My liefde vir motorsport het begin toe Ian Scheckter my rooi Total-petjie in 1975 op die Aldo Scribanti-renbaan net anderkant die Swartkopsrivier in Port Elizabeth geteken het. Die Ratel-span van die Kraggakamma Voortrekkerkommando het die dag gaan T-hempies verkoop om geld vir die bou van Port Elizabeth se nuwe Kraggakamma NG kerkgebou in te samel. In die bloedige son het Ian na ons toe oorgestap en vir elkeen van ons ’n pet gegee wat hy met so dik inkpen geteken het.

Ek het die pet jare terug al verloor, maar daardie enkele daad en sy groot glimlag het die saadjie van onuitputbare belangstelling geplant. Van daar was dit letterlik net vinnige afdraende. Vier jaar later het Ian se jonger boetie Jody vir Suid-Afrika ewige roem verwerf met sy eie wêreldtitel in ’n rooi Ferrari en met die koms van televisie kon ook ons begin om ‘regte’ motorwedrenne regoor die wêreld te volg.

Vandag kan ek daardie liefde uitleef deur Donderdagaand met die immergroen Fonnie du Plooy op RSG Sport oor, soos hy sê, “vinnige plat karre” te praat. So met die jare heen het Fonnie ook ’n Formule Een-entoesias geword en sy vrae word by die dag ingewikkelder. En ons mis nie ons weeklikse praatjies nie. As werk my wegneem uit my geliefde Baai, maak ons ’n plan. Ek het al telefonies met Fonnie gesels uit Kroasië, Botswana, Kenia en selfs ons eie Richtersveld.

En moet vir geen oomblik dink dis net die manne wat Formule Een entoesiasties volg en elke woord luister wat daaroor gesê word nie. Dit sal ’n groot fout wees. Van ’n besoek aan die ouetehuis in Bonnievale of Worcester tot ’n vergadering van Jong Dames Dinamiek in Bloemfontein word ek met ingewikkelde vrae uit die geledere van vroue oor Formule Een gekonfronteer. “Wat sou die probleem met die Bridgestones op koeler bane wees?” “Sal die dubbele agtervlerk die vuil lug agter die motors verbeter dat daar makliker verbygesteek kan word?” “Waarom verlaag die FIA (Formule 1 Association) nie die toerebeperking op die Red Bulls se V10 3 liter enjins nie?” en “Hel, ek haat daai Britse kommentators!” is van die sakies wat die vroue aanroer. En moenie ’n fout op die lug maak nie. Formule Een entoesiaste is passievolle kenners wat nie skroom om jou op jou foute te wys nie.

Dis nie net die luisteraars wat mens op jou tone hou nie. Dis ook die verstommende spoed waarteen die sport verander wat vereis dat ’n mens elke dag oor nuwe verwikkelinge moet oplees.

So baie het verander van die dae toe flambojante renjaers met sigare in die mond sonder valhelms gejaag het ná ’n nag van partytjie saam met hul vriende en vriendinne natuurlik. Maar mooi “meisies” langs die renbaan en in die kuipe is al wat nog dieselfde is in Formule Een. Vandag is Formule Een-renjaers superfiks atlete wat byna meer tyd in die gimnasium as in die stuurkajuit van die motor deurbring. Tweehonderd mense werk dag en nag om die maksimum werkverrigting uit elke motor te kry en ontwerpers bestee miljoene dollars op navorsing en toetse om die wêreld se duurste sport jaar na jaar nog ’n groter skouspel te maak.

Deesdae het die gebruik van ruimte-eeuse tegnologie motorsport, lugvaart en ruimtevaart so naby aan mekaar gebring dat ek nie verbaas sal wees as selfs NASA uitgedaag sal voel om ’n Formule Een-motor in die veld te stoot nie. Die tegnologie wat in Formule Een ontwikkel is, word alledaags in moderne padmotors gebruik. ABS-remme, turbo aangedrewe enjins, versnellingsbeheer en rekenaarbeheerde veerstelsels sou nie sonder Formule Een bestaan het nie. Deesdae steel selfs die ontwerpers van vegvliegtuie tegnologie uit die kuipe van die wêreld se vinnigste sport.

En so vinnig soos wat die motorsportbase elkeen van die ontwikkelinge verban omdat dit die motors te vinnig maak, ontwikkel die ontwerpers en ingenieurs weer nuwe tegnologie. Dit is ’n innoveringsirkel wat eenvoudig nie gestop kan word nie.

In die kuipe en in die motorwoonwaens hou die skindernuus van wêreld se bes betaalde sportmanne ook nie op nie. Met salarisse van 30 miljoen dollar per jaar, is niemand verbaas dat gemoedere soms hoog loop, daar hard vir kontrakte (en mooi meisies) beding word en die vuiste selfs al geklap het nie.

Verlede jaar het ek Ian Scheckter weer na 29 jaar ontmoet. Hy was nog steeds sy glimlaggende self. Na ’n uitstekende internasionale loopbaan in motorsport – waarin hy ook op die Formule Een-baan gejaag het - was hy steeds die ambassadeur vir hierdie wonderlike sport en skouspel: ’n Nederige ‘gentleman’ wat selfs tyd het vir die klein penkoppies wat verward langs ’n baan in die Baai staan.








*Foto's verskaf deur Maryke Hörstmann*

# IN DIE HAAIHOK

Nou vir die ander nuus - ek het Sondag *shark cage diving* gaan doen! Dis nie iets wat my nog ooit ge*tickle* het nie - ek wat vrek bang is vir haaie, en wat nog altyd gedink het mens gaan kielie nie die leeu daar waar die son nie skyn nie.

Dis mos nou moeilikheid soek. En dan sê ander mense weer dis nie omgewingsvriendelik nie. En ek is 'n closet-Greenpeace-aktivis. Maar Jacques bel nou die dag en sê daar is plek op die boot, wil ek saamgaan en sê vinnig. Ek weet nie lekker wat my besiel het nie, maar Sondagoggend word ek wakker met die wete vandag kan dalk my laaste wees.

Hulle bel vir oulaas Gansbaai toe om te hoor of die weer reg is, en ek dink net "sê asseblief dis afgestel, sê asseblief dis afgestel", maar pure verniet. Ons sit die stuk in Gansbaai toe. Alles is nog *fine* toe ons aan boord stap en ek verbeel my amper ons gaan op 'n rustige seevaart, tot die man iewers naby Dyer-eiland die enjin afsit, die kou laat sak en die aas in die water gooi.

Hulle het so 'n mengsel van verpulpte tuna en seewater wat hulle uitgooi om die haaie te lok, maar, let wel, hulle gee glad nie kos nie. Dan het hulle so 'n tierviskop aan 'n tou wat hulle uitgooi en rondplons om soos 'n niksvermoedende rob te lyk. Brrr.

In elk geval, ek staan nog so en loer oor die boot se rand, toe gly daar net hierdie donker, massiewe skaduwee so van die kant af en die volgende oomblik kom hierdie reusagtige haai op uit die water en gaan vir die aas!

Dis tegelykertyd die mees vreesaanjaende en mees asemrowende gesig wat ek nog gesien het. En ek was nog nooit so dankbaar dat ek op 'n boot pleks van 'n *surfboard* was nie. Toe ek oor die ergste skok kom, kon ek dit begin waardeer. Die ou wat die toer aangebied het, is 'n marine-bioloog en self 'n omgewingsaktivis. Of anargis, ek besluit nog. Toe is dit tyd om die *wetsuits* aan te trek. Jy klim vier-vier in die kou en dan laat sak hulle die deksel. Die sigbaarheid onder die water was dié dag nie so goed nie, so jy het eintlik meer gesien van die boot af as uit die kou uit. Maar dit was steeds 'n *thrill* om te weet die goed swem twee meter voor jou verby.

*Maryke Hörstmann (Klas van 2001)*

# Farmer maak ’n plan

“Women in Wine was eintlik ’n gegewe. “Dit sóú gebeur,” vertel Beverly Farmer, oud-student van die klas van 1996. “Ons is ’n groep van 25 vroue wat ’n geleentheid raakgesien en aangegryp het.”

Die geleentheid verwys na die stigting van Women in Wine, ’n slegs vroue-beheerde maatskappy gestig deur 25 vroue – almal spesialiste in eie reg en verwant aan die wynbedryf. Hul droom was eenvoudig: om vroue in die Suid-Afrikaanse wynbedryf ’n stem te gee. Veral dié wat hart en siel in die bedryf is, maar nog nooit werklik finansiële voordeel daaruit kon trek nie – plaaswerkervroue.

“Hoewel ons hierdie droom gehad het, was ons nie gefokus nie. Ons het dus gaan sit en kyk na die vaardighede beskikbaar tussen ons 25, en die kapitaal beskikbaar.”

Hierna is ’n visie gebore: Om verantwoordelike gebruik van kwaliteitwyn aan te moedig om die negatiewe assosiasies en die misbruik van goedkoop wyn aan te spreek en om ’n erkende handelsmerk staan te maak in Suid-Afrika en in die buiteland.

“Transformasie én die groei van die Suid-Afrikaanse wynbedryf lê my na aan die hart,” vertel Beverly, wat nou ook ’n rol speel in die samestelling van ’n Handves vir Swart Ekonomiese Bemagtiging in die wynbedryf.

In die eerste jaar (2004) het al die “rompslomp” plaasgevind, soos sy dit noem. “Die admin-dinge soos kantore en BTW-registrasie.” In 2005 is oorgegaan tot aksie ... Eden’s Vineyards is geregistreer en resorteer onder die Eden Projek.

*Inligting verkry uit ’n artikel deur*
*Wanda Augustyn: Fynproe, Maart 2006*



# Een van die Nege Lewens

My Joernalistieke Lewe (waarna mev Amoraal uitvra) is die een wat in 1991 van die knus vriendelike strate van Stellenbosch gespring het na lente in Hamburg, waar ek vir ‘n paar maande my fiets voor die Axel Springer-gebou vasgeketting het. Ek het gewerk by *Die Welt am Sonntag* in ’n tyd toe hulle ’n paar stadige rekenaars met groen lettertjies gehad het, *keyboards* met ’n vingervreemde uitleg en die hele Duitsland oor so ’n handvol kitsbanke beskik het. Ek onthou byvoorbeeld nog in detail ’n storie oor rare troeteldiere wat die oorlog oorleef het…

Terug in Suid-Afrika – armer en ryker – het ek werk gekry by die Departement van Waterwese en Bosbou in Schoemanstraat, Pretoria. Dit was ’n lewe van damme, riviere, pype en krane. Ek het bladuitleg ontdek (dit was nog ¹n erg ontoeganklike en gesentraliseerde funksie toe ons geswot het) en daarmee begin dobbel. Dit was my naglewe. Die staatsdiens was ’n goeie leerskool. Maar op ’n stadium het die plastiek potplante my ondergekry en is ek terug Kaap toe.

Die volgende hoofstuk in my JL was publisiteitsbeampte vir musiek by Kruik in Kaapstad. Vir byna twee jaar het ek die agterkant van die verhoë leer ken, die geheime deure, die gedempte portale en elke liewe show wat ooit in die Nico vertoon is. Dis van Mozart tot Anne Frank, die Jeugmusiekfees en Sondagmiddagkonserte. Dit het ook beteken dat ek moes werk met mense wat in visdamme spring, altyd serpe dra en net eenvoudig nooit opdaag vir fotosessies nie. Ek het die vreugde en frustrasies van daardie wêreld verruil vir wyn. KWV, om presies te wees.



My JL in die wynbedryf is nog in volle swang. Dis egter nie meer my hoof-inkomste nie (met goeie rede). Ek het in 1999 ‘n voltydse MBA aan die Universiteit van Kaapstad gedoen en pas ook verneem dat ek nou ‘n volbloed Kaapse Wynmeester is. Dit als beteken dat skryf nou my naglewe is. Hoofsaaklik vir die wynbedryf se tydskrif, *WynLand*, en die nuwe Afrikaanse verbruikersgerigte wyntydskrif, *Fynproe*. Om ’n wynskrywer te wees is sekerlik een van die mees sinnelike, hedonistiese werke wat daar in die hele wêreld is. Jy word betaal om te eet, te drink, te snuffel en te snuif – van delikatessen te lewe. Jou enigste frustrasie is dalk ’n gebrek aan gepaste byvoeglike naamwoorde.

So, dis my Joernalistieke Lewe tot dusver. Bedags, vir diegene wat wonder, doen ek besigheidstrategie vir KWV. Dit sluit onder meer in die heerlike proses van toekomsscenarios-ontwikkeling (die Joernalis *under cover*).

*Hymli Krige*
*(Klas van 1990)*